NG Gemeente Lyttelton-Oos

Begelei mense tot 'n lewe in oorvloed

www.lytteltonoos.org.za | Sondag 26 Februarie 2006 | Wat is 'n lewe in oorvloed?

ONS GEMEENTE SE DROOM - KLIK HIER

NEEM KENNIS VAN DIE VOLGENDE BELANGRIKE SAKE / INLIGTING

AKSIE TWEE +
Volgende byeenkoms 26 Februarie om 12:00
Die brein-ontwikkeling van die kind

LEWE-IN-OORVLOED 40 DAE FOKUS
Begin 1 Maart om 19:00 (Nagmaal)
Fokus op jou verhouding met God

MOSAÏEK
Elke Sondagaand om 19:00. 'n Geleentheid vir lofprysing en nadenke oor God.

ADORAMUS
Aanbiddingsdiens. Volgende geleentheid 15 Maart om 20:00

TIENER-MENTORS
Mentors bid saam om 17:00
Maak 'n verskil in 'n tiener se lewe

BLOKBYEENKOMSTE
Blok Een: Sondag 19 Februarie 12:00
(Tussen Trichardt en Molteno + LMB en K/sig)

GEBEDSBEDIENING
Elke Sondag om 09:00 in gebedskamer. Kontak Hannelie du Preez by 082 908 3992

MOSAÏEK

"Mo-sa-ïek' (-e) Mengeling van uiteenlopende bestanddele..."

'n Geleentheid vir lofprysing
'n Geleentheid vir nadenke oor die lewe
'n Geleentheid vir saam-wees

Sondae om 19:00 in die kerkgebou

LEWE IN OORVLOED

Ons is nie gemaak om saai, betekenislose lewens te lei nie. Jesus het gekom om vir ons die lewe te gee, en dit in oorvloed. Dit beteken 'n lewe vol liefde, vreugde en vrede - alles wat die lewe die moeite werd maak. Baie mense mis dit - hulle mis die doel van hulle lewe. Moenie dat dit met jou gebeur nie!

'n Lewe in Oorvloed vloei natuurlik voort uit drie kern-verhoudings:

- **Ons verhouding met ons Hemelse Vader, sy Seun en Gees**
- **Ons verhouding met die mense naaste aan ons, ons gesin, ons Vader se ander kinders.**
- **Ons verhouding met mense wat vêr van God lewe, wat in nood is, wat buite die dampkring van God se liefde lewe.**

Lyttelton-Oos Gemeente gaan hierdie jaar tydens drie 40 dae fokus-tye aan hierdie drie verhoudings aandag gee.

Die eerste van hierdie fokus-tye begin 1 Maart. Ons kom in die kerk bymekaar vir 'n toewydings-geleentheid wat die vorm van 'n nagmaal sal aanneem.

Wat kan ek doen om die beste gebruik te maak van hierdie geleentheid?

Benut fokus-krag: deur die strale van die son met behulp van 'n vergrootglas op droë blare te fokus, kan ons 'n groot brand laat ontstaan. Om vir 40 dae te fokus op jou verhouding met God, kan groot geestelike energie vrystel.

Jy kan op drie maniere fokus en so hierdie geleentheid aangryp en sorg dat dit nie by jou verby gaan nie:

- **Woon ten minste elke Sondag tydens hierdie tydperk een van die eredienste by (sien die datums en temas langsaan)**
- **Raak betrokke by 'n kleingroep wat gedurende die week bymekaarkom om die temas te bespreek**
- **Maak gebruik van die dagstukkies wat elke Sondag beskikbaar gestel sal word.**

Temas

Toewyding: Woensdag 1 Maart : 19:00 Nagmaal

Week 1: Sondag 5 Maart Bou jou verhouding met God

Week 2 : Sondag 12 Maart Verheug jou in God se liefde [Genade - Die basis]

Week 3 : Sondag 19 Maart Vertrou op God se sorg [Gemeenskap - Die konteks]

Week 4 : Sondag 26 Maart Verdiep jou verhouding met God [Gebed - Die kern]

Week 5 : Sondag 2 April Laat God jou verander [Groei - Die potensiaal]

Week 6 : Sondag 9 April Verbind jou aan God se droom [Gehoorsaamheid - Die doel]

Afsluiting: Sondag 16 April Vier jou verhouding met God

Kaart na kerkterein | **Laai boodskappe af**

WêRELBIDDAG VIR VROUE

VRYDAGOGGEND 3 MAART OM 10:00 BY NG LYTTELTON-NOORD

Aksie Twee+

'n Bediening gefokus op jonggetroudes en gesinne met jong kinders

Byeenkomsdatums:

26 Februarie 2006
Spreker: Dr Elsie Caltiz
Tema: Die breinontwikkeling van die kind

26 Maart 2006
Spreker: Ds Abel Pienaar (Huweliksberader)
Tema: Harmonie in die huwelik

Elke byeenkoms word afgesluit met 'n lekker saam-kuier bring-en-braai - eie drinkgoed, vleis en eetgerei.

GEBEDSBEDIENING

Indien u wil help om 'n omvattende gebedsbediening in die gemeente te vestig, skakel Hannelie du Preez (082-908-3992)

Kry M.E.E.R. uit die lewe!

Motivering, Energie, Entoesiasme, Rekreasie

Geleenthede om 'n verskil te maak

Ouderling / Diaken
Bou 'n verhouding met 'n paar huisgesinne en gee vir hulle om.
1 uur per week

Inligtingstafel
Wees deel van 'n span wat mekaar afwissel by 'n weeklikse inligtingstafel tussen die twee eredienste. Gee inligting oor die gemeente se aktiwiteite aan lidmate en belangstellendes en help nuwe en voornemende lidmate.
1 uur per week / maand

Nuwe Intrekkerbediening
Help almal (nie net NG mense nie) wat nuut intrek in ons gemeenskap om welkom en tuis te voel deur inligting oor hulpbronne in die gemeenskap (dokters, apteke, winkels ens.) deur te gee.
2 ure per maand

Aksie Twee +
Dit is 'n aksie wat gemik is op gesinne met geen of jong kinders (voorskools of op laerskool).
Reël huwelik- en ouerseminare en sprekers oor relevante onderwerpe ens. Help om hierdie aksie op die been te bring.

Klub Immergroen
Besoek en bedien op 'n gereelde basis ons senior lidmate / help met die reël van oggendtees en 'n kersete. Kontak Gerty Basson by 664-2433.

Kleingroepe
Voel jy geroepe om te begin met 'n kleingroep (nie noodwendig net vir lidmate nie)? Stuur onmiddelik 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

Tienierbediening - Mentor
Bou 'n verhouding met 'n groep tieners en help om die Here beter te ken, die lewe beter te verstaan en tuis te voel in die gemeente.
2 ure per week

Kinderkerk
Help met die aanbieding van die kinderkerk elke Sondag vir die kleuters / Gr 1-3 / Gr 4-6.
2 ure per week

Helpmekaar Bediening
Help om 'n bediening te bou waar lidmate hulle gawes / talente en vermoëns vir mekaar beskikbaar stel.
2 ure per week (aanvanklik totdat bediening op die been is.)

Aksie Een
Dit is 'n aksie wat gemik is op enkellopendes van enige ouderdom. Reël byeenkomste en seminare of kampe met sprekers oor relevante onderwerpe. Help om hierdie aksie op die been te bring.

Eredienswerkgroep
Help met die beplanning van ons eredienste deur navorsing, bespreking, ontwikkeling van visuele aanbiedings, kort dramsketse, die inwin van mense se stories (getuienisse), sang en musiek. Hierdie groep kom gereeld elke Donderdagaand om 20:30 by Krugerlaan 105 bymekaar op 'n vrywillige en spontane basis. Die groep is nie geslote nie. Enigeen wat insette wil lewer is welkom.

Indien jy op een of meer van die maniere hierbo genoem 'n verskil wil maak, stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

Inligting oor ander bedieninge is ***hier*** te vind

BELANGRIKE DATUMS - SLEEP JOU DAGBOEK NADER

19 Februarie
12:00 Blokbyeenkoms Blok 1 (Kloofsig, Tek-basis, LMB, Trichardtweg tot Molteno)
19:00 Mosaïek
22 Februarie
19:00 Kerkraadsvergadering
25 Februarie
10:00 Damesoggend
1 Maart
Lewe-in-oorvloed veldtog skop af
19:00 Nagmaal
8 Maart
19:00 Bedieningskommissievergadering (Adoramus skuif na 15 Maart)
15 Maart
20:00 Adoramus (skuif vanaf 8 Maart hierheen)
22 Maart
19:00 Diakonievergadering
19 Maart
19:00 Kommissie vir Administrasie en Finansies vergadering
9 Augustus
PARKNAVAL

Volledige program hier

Het u dalk hulp nodig? Ons help graag waar ons kan. Klik op die pyltjie om sien waarmee ons ons kan help

Dink 'n bietjie hieroor...

Lose your cool, lose your cause; Before you speak, take a pause. - J. Randal Matheny

There is a wonderful mythical law of nature that the three things we crave most in life, happiness, freedom, and peace of mind, are always attained by giving them to someone else. - Peyton Conway March

I can't understand why people are frightened of new ideas. I'm frightened of the old ones. - John Cage

"You create your entire life with your thoughts, hour by hour and minute by minute." - Brian Tracy

LEWE-IN-OORVLOED - 40 DAE FOKUSTYE

'n Oorvloedige lewe is 'n lewe wat oorvloei van liefe, vrede en vreugde. Dis 'n lewe wat baie vrugte dra (Joh 15:8); 'n ryk, vol lewe wat sin maak en betekenis het. Baie mense kies om 'n saai lewe te leef wat op die ou end geen waarde het nie. Hoekom dan so 'n lewe leef as die Here vir ons soveel méér in gedagte het? Kom ontdek in drie fokus-tye van 40 dae elk wat dit beteken om 'n lewe-in-oorvloed te leef! (Joh 10:10)

Vir 'n boom om vrugte te dra is daar 'n klomp dinge nodig - maar eerstens 'n sterk wortelsstelsel. As ons wil vrugte dra moet ons sterk geanker wees aan drie wortels:

- ons verhouding met ons Hemelse Vader,
- ons verhouding met mekaar as lede van die liggaam van Christus, en
- ons verhouding met ander mense wat nie die liefde van God ken nie.

GELEENTHEID VIR GEESTELIKE GROEI

Tydens drie fokus-tye van 40 dae elk gaan ons hierdie jaar aandag gee aan hierdie drie verhoudings. Kan jy jou voorstel watter geestelike groei gaan jy beleef as jy ten volle deel van hierdie drie fokus-tye is?

AFSKOP

Die afskop vir al drie tye is Woensdag 1 Maart om 19:00'n nagmaalsgeleentheid. Tydens hierdie geleentheid sal ons 'n gesamentlike verbintenis maak om te volhard tydens hierdie drie fokus-tye en soveel van ons aandag, tyd en energie daaraan te wy as wat nodig is.

WAT GAAN DIT VAN MY VERG?

- Bywoning van ten minste een van die eredienste elke Sondag gedurende die fokus-tye.
- Bywoning van 'n klein-groep bespreking gedurende die week.
- Daaglikse oordenking tydens jou stiltetyd

Nie een van hierdie aktiwiteite is verpligtend nie maar deelname aan al drie sal beslis voordeling wees vir jou, geestelike gesproke. Die idee is om vir 'n sekere tyd lank werklik te fokus op 'n bepaalde aspek. Om in hierdie tyd soveel as moontlik aandag en energie aan iets te wy het groot waarde.

HOE KAN EK HELP?

Miskien gryp hierdie veldtog jou so aan dat jy graag op ander manier betrokke wil raak om ander te help om die meeste daaruit te kry. Jy kan op die volgende manier 'n baie waardevolle bydrae lewer:

☑ Wees deel van die gebedspan elke Sondagoggend om 09:00 tydens die eerste erediens. Hierdie gebedspan woon dan saam die tweede erediens by.

☑ Help met die ontwerp van die eredienste - PowerPoint aanbiedings, preekinhoud (stories, illustrasies), versierings/ blomme, ens.

☑ Help met die verspreiding van die dagstukkie-blaadjies en ander materiaal.

☑ Stel jou huis beskikbaar vir 'n kleingroep byeenkoms.

☑ Wees beskikbaar as 'n gespreks-leier vir die kleingroep-bespreking.

☑ Help met die bekenstelling van en kommunikasie oor die fokus-tye.

☑ Help met die ontwerp en opstel van uitstallings oor verwante bedieninge in die gemeente.

Indien jy belangstel om te help, kontak Freddie Schoeman (664-3751 / 084-581-8139 / fredschoeman@mweb.co.za) so gou moontlik.

VIR WIE IS DIE BEDOEL

Dit is bedoel vir elke lidmaat maar ons sou graag ook nie-lidmate wat belang stel wil betrek.

Nooi dus gerus u vriende, kennisse en familie uit. Selfs al kan hulle nie die eredienste bywoon nie kan hulle nog steeds baie baat vind by die kleingroepbyeenkomste en die dagstukkies.

"Hoe meer dinge verander hoe meer bly hulle dieselfde" - Onbekend

'n Aanpassing in ons bedieningspatroon

Ons wil graag die volgende bereik:
* beter versorging van lidmate
* meer effektiewe bestuur

Een van die vyf kern-funksies van 'n Bybelse geloofs-gemeenskap is om vir mekaar om te gee en vir mekaar te sorg. (Die ander is: evangelisasie, aanbidding, lering en sending.)

Ons leef tans in 'n tyd waarin dit o.a. vanweë misdaad toenemend noodsaaklik word om na mekaar om te sien. Ten einde dit te doen is ons besig om 'n aanpassing in ons bedieningspatroon aan te bring. Hierdie saak was met die afgelope twee kerkraadsvergaderings op die agenda.

HERINDELING VAN WYKE

Om na mekaar om te sien is dit noodsaaklik om mekaar goed te leer ken. Daarom het ons dit goed gedink om die gemeente te verdeel in vier blokke en elkeen van die vier bloke weer te verdeel in 'n aantal wyke met ongeveer 10 huisgesinne in elke wyk. Elke wyk sal dan deur 'n ouderling en diaken bedien word (asook dienswerkers indien nodig).

Die taak van die ouderling en diaken sal wees om lidmate aan te moedig om na mekaar om te sien.

Inwoners in die blokke sal van tyd tot tyd uitgenooi word om bymekaar te kom sodat ons mekaar kan leer ken. Ook inwoners wat nie lidmate is nie, sal na hierdie blokbyeenkomste uitgenooi word sodat ons 'n gesamentlike veiligheids-netwerk ('n soort buurwag) kan vorm.

BLOKINDELING

Die blokindeling lyk soos volg:
Blok 1: Trichardtweg - Molteno se noordekant asook Waterkloof LMB, Kloofsig en Tek-basis.
Blok 2: Molteno se suidekant tot Cantonments se noordekant
Blok 3: Cantonments se suidekant tot Stasieweg se noordekant
Blok 4: Stasieweg se suidekant tot Rivierweg asook alle ander buite die grense van die gemeente.

BLOKBYEENKOMSTE

Datums vir blokbyeenkomste is as volg:
Blok 1: 19 Februarie
Blok 2: 5 Maart
Blok 3: 12 Maart
Blok 4: 19 Maart

Al hierdie byeenkomste vind plaas om 12:00 en sal die vorm van 'n bring en braai aanneem.

SKEIDING VAN FUNKSIES

Ten einde die effektiwiteit van die kerkraad te verhoog, is daar besluit om die twee funksies van die kerkraad (bestuur en lidmaatversoring) van mekaar te skei. Die ouderlinge en diakens wat binne die blokke in wyksverband dien fokus op lidmaatversorging. Hulle sal nie kerkraadsvergaderings hoef by te woon nie hoewel hulle enige tyd welkom sal wees om dit te doen. Hulle moet egter allereers hulle aandag en energie op die lidmate binne hulle wyke fokus.

Die bestuursfunksie van die kerkraad (bedieninge en administrasie) sal waargeneem word deur 'n uitvoerende kerkraad wat deur die kerkraad verkies sal word. Die lede van die uitvoerende kerkraad sal nie in wyke dien nie. Die verkiesing van die uitvoerende kerkraad sal plaasvind tydens die volgende kerkraads-vergadering op 15 Februarie. Tydens hierdie geleentheid moet daar ook 'n voorsitter vir die kerkraad gekies word. Ons verwelkom graag voorstelle hiervoor vanuit die gemeente.

DIENSWERKERS

Huidige dienswerkers word uitgenooi na een van twee besprekingsgeleenthede oor hierdie aanpassing in ons bedieningspatroon. Dit sal plaasvind telkens ná die eerste erediens op 5 en 12 Februarie. Volledig inligting sal deurgegee word. Kerkraadslede is ook welkom om hierdie geleenthede by te woon.

INLIG-AKTUEEL (5/2006) 10 tot 23 Februarie 2006
Saamgestel deur ABID

Een van die dienste wat ABID (Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk) lewer is om weekliks al die berigte wat in die pers verskyn oor geloofsake te versamel en deur middel van e-pos uit te stuur aan almal wat belang stel. Hieronder is hierdie week se versameling. (Indien u wil inteken op die diens stuur 'n e-pos aan ngkinlig@mweb.co.za)

KERK - NUUS

K28 267: **Gebedsprojek dié jaar wêreldwyd**; (Die Burger, 21.02.2006, p2)

KAAPSTAD - Die organiseerders van Transformasie Afrika wil vanjaar ál 245 lande in die wêreld betrek. Die projek, wat jaarliks op Pinkstersondag reuse-gebedsbyeenkomste reël, is in 2001 op Nuweland, Kaapstad, begin en het teen verlede jaar uitgebrei om 220 miljoen Christene in 156 lande in te sluit. Luidens 'n nuusverklaring gaan vanjaar se gebedsbyeenkomste van 25 Mei tot 3 Junie voorafgegaan word deur 10 dae van verootmoediging, en van 5 Junie tot 2 September deur 90 dae van uitreik en seën gevolg word. Sien www.transformationafrica.com vir meer inligting.

K27 937: **Radiokansel beoog stappe teen SAUK;** Die Burger, 11.02.2006, p4, Johannes de Villiers

KAAPSTAD - Radiokansel beoog om regstappe teen die SAUK te doen oor die drastiese inkorting van sy uitsaaityd.. Dié Christelike radiostasie se prokureur het reeds 'n brief aan die SAUK gestuur om 'n verduideliking te eis... "Ons ondersteunende kerke se pogings om 'n vergadering met die bestuurshoof van die SAUK te reël, is deur die uitsaaier geïgnoreer...

K27 930: **Radiokansel maak stem dik oor minder lugtyd**;Rapport, 12.02.2006, p 20, Marlene Malan

KAAPSTAD - Radiokansel gaan nou alles in die stryd werp om te keer dat die SABC slaag in sy poging om dié stasie - met meer as 'n halfmiljoen luisteraars - se lugtyd tot twee uur per dag in te kort. Die uitvoerende hoof, dr Roelf Petersen, het aan Rapport bevestig dat dié stasie ná wye konsultasie sy regsadviseurs opdrag gegee het "om die SABC in kennis te stel dat ons glo die regte van ons luisteraars word deur sy aksie geskend. Ons eis antwoorde kragtens die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid." Intussen het dr Isak Burger, president van die AGS, ook openlik tot die stryd toegetree... Hy word gesteun deur dr Coenie Burger, voorsitter van die moderamen van die NG Kerk... "Daar is geen sprake van toemaak nie. Ons het ook reeds aansoek gedoen om 'n lisensie op mediumgolf."

K27 929: **'Barbie' se dominee reik CD uit**;Rapport, 12.02.2006, p20, Marenet Jordaan

Ds Johan Claassen, die predikant van Pretoria wat adv Cézanne Visser (bekend as "adv Barbie") as geestelike berader bystaan, stel eersdaags sy volgende gospelalbum bekend. Claassen het vroeër aan Rapport vertel hy werk aan liedjies wat veral met sy ervarings saam met Visser gedurende haar hofsaak verband hou... Claassen se CD, met die titel Run with My Heart, word op 24 Maart by die NG Kerk Elarduspark, waar hy 'n leraar is, bekend gestel...

K27 955: **Kerkgroep maan subtiel oor 'Da Vinci Code'**; Die Burger, 16.02.2006, p3 Sapa-DPA

ROME - Die konserwatiewe Rooms-Katolieke groep Opus Dei het die vervaardigers van die rolprentweergawe van die blitsverkoper The Da Vinci Code gevra omn nie verwysings in die prent te maak wat Rooms-Katolieke kan aanstoot gee nie... Die boek is gegrond op die teorie dat Jesus Christus en Maria Magdalena getroud was.

K27 932: **Van Christene word vergifnis verwag**; Rapport, 12.02.2006, p19, Gelowige Sondaar, Bellville

In antwoord op Roland Darryl se brief van 5 Februarie net die volgende: Elke gelowige Christen behoort sy geloof te verdedig, veral as daar gepoog word om dit verdag te maak of af te kraak... Mnr Darryl (Engelsman) skryf van "'n sekere outjie, onder die invloed van die Heilige Gees ..." Dis 'n neersien op die Heilige Woord wat vir gelowiges 'n lig in 'n donker wêreld is. Indien mnre Darryl en Botha byvoorbeeld Moslems was en dit sou waag om op so 'n wyse hul Heilige Woord verdag te maak, wat sou met hulle gebeur het? Gelukkig bevind hulle hul in 'n geloofsopset waar hulle vergewe moet word ondanks alles...

K27 933: **Kwade dag vir kerk as leraars rebelleer**; Rapport, 12.02.2006, p19, Willie Schutte, Lyttelton

As lidmaat van die Gereformeerde kerk het dit 'n hartseer- en kwade dag vir my en ander geword dat 32 predikante 'n protesbrief onderteken het en sodoende 'n kerk-rebellie laat ontstaan het... Hulle dra 'n wêreldse optrede in die kerk van die Here in, in plaas daarvan dat hul kerklike sake op 'n kerklike wyse hanteer (Art 30 van die kerkorde).

K28 278: **Blik op Augustinus; Kerkvader, beeldpoetser, Afrika-ikoon** Die Burger, 18.02.2006, p10, Jean Meiring - doktorale student, regsgeskiedenis, Univ Cambridge Augustine, Sinner & Saint - a New Biography, deur James J O'Donnell. Profile Books, Londen, 2005 (Hardeband, 448 bladsye, ISBN 1861976860, R343,95)

... As Afrika-ikoon is Augustinus onteenseglik 'n belangrike figuur in ons kontinent se geskiedenis, wat ons almal raak. En in 'n tydperk wat gekenmerk word deur elke Jan Rap en sy maat wat meer as sy buurman van Bybel-uitleg weet, is hierdie 'n versoberende en intens insiggewende boek...

HOMOSEKSUALITEIT

K27 941: **Beskryf dié 'unieke aard'**; Die Burger, 11.02.2006, p18, Ds Ockie Raubenheimer (Snr) Parklands

Die besluit van die appélkommissie oor Laurie Gaum se seksuele vehrouding gee aanleiding tot 'n paar vrae waarop ek meen die meelewende publiek antwoorde moet kry van die voorsitter van die kommissie en ook lid van die minderheid wat soos volg verklaar: "Die vier lede is op grond van hul verstaan van die Skrif en besluite van die algemene sinode van 2004 daarvan oortuig dat hoewel die huwelik uniek is, daar wel 'n permanente verhouding met 'n eie, unieke aard tussen twee mense van dieselfde geslag kan bestaan."... Wat presies is die "eie, unieke aard"? Hoe kry dit permanente beslag sonder enige intieme homoseksuele liefde? ...

K28 283: **Dit was groepverkragting**; Die Burger, 18.02.2006, p16, Adam Abrahovitz, Boston

Dis verstommend hoe onkundig kerkmense oor homoseksualiteit skryf sonder om hulle van die feite te vergewis. Drie versies uit die Ou Testament en drie uit die Nuwe Testament is die standaardskietgoed, en met dié "six-shooter" gewapen gedra talle hulle hulle soos cowboys en skiet van die heup af sonder om uit te vind presies op wie hulle hul vergeldingsdrang rig. Weens ruimtegebrek kan ek nie volledig op 'n eksegese van al die tekste ingaan nie. Diegene wat skaam kry vir hul onkunde en liefdeloosheid kan die Kweekskool op Stellenbosch kontak vir afskrifte van die hoogstaande akademiese aanbieding

tydens die seminaar op 9 November 2005 oor gays... Wat in Sodom met Lot se vreemdeling-gaste gebeur het, was groepsverkragting... Dan kan die onskriftuurlike opdrag tot selibaatskap wat die kerk op Laurie Gaum plaas, teruggetrek word en met Jesus se opdrag vervang word dat ons mekaar moet liefhê.

K27 942: **Treetjie in verligte rigting**;
Die Burger, 11.02.2006, p18, Mario Wolf, Jork, Duitsland

Watter verblydende nuus is dit nie dat daar 'n minderheid in die appélkommissie wat ds Laurie Gaum se saak verhoor het, was wat die ruggraat gehad het om op te staan vir hul eie etiese oortuiging (DB, 8/2)... En die meerderheid besef nie dat hy deel is van 'n eeue-oue (kerklike) tradisie wat nuwe impulse in sosiale en wetenskaplike denke probeer onderdruk nie... Deur hierdie minderheid het ons denke weer 'n klein treetjie verder ontwikkel in die rigting van 'n verligte samelewing.

K27 911: **Minderheid 'wys gay-gesprek gaan voort**';Die Burger, 10.02.2006, p4, Johannes de Villiers

KAAPSTAD - Die minderheidsuitspraak wat verskil het van die kerk se belsuit dat ds Laurie Gaum sy predikantsbevoegdheid moet verloor, is 'n aanduiding dat die gesprek oor homoseksualiteit nog lewendig is, het 'n lid van die appélkommissie gister gesê... Die minderheidsmening is nie as deel van die uitspraak vervat nie, maar is bloot 'n afsonderlike boekstawing van redes hoekom sommige lede teen gaum se tug gestem het, het ds Koosie Delport, voorsitter van die kommissie, gister gesê...

K27 959: Sprankie hoop vir NGK;
Die Burger, 16.02.2006, p2, Henda Gaum, Kaapstad
Toe ek nou die aand uitstap ná 'n lesing oor die lewe en teologie van Dietrich Bonnhoefer, het ek gedink aan die vyf persone wat in die minderheid was met die onlangse uitspraak deur die appélliggaam van die Wes-Kaapse sinode oor Laurie Gaum. Hulle was bereid om, soos Bonnhoefer, téén die meerderheidstroom in te gaan ter wille van geregtigheid. Dankie dat hulle vir my weer 'n sprankie hoop gegee het vir die NG Kerk.

K27 925: Gaum, taakspan 'bly geskei'
Rapport, 12.02.2006, p6, Marlene Malan, Kaapstad
Die besluit van die sinodale appélliggaam van die ring van die Kaap die Goeie Hoop om ds Laurie Gaum van die kansel te verwyder tensy hy selibaat leef, gaan nie die werk van die NG Kerk se taakspan oor homoseksualiteit beïnvloed nie. Dr Jorrie Potgieter, sameroeper van die taakspan se dagbestuur, het aan Rapport gesê dié span werk in opdrag van die algemene sinode 'en ons het 'n ander opdrag. Ds Gaum se saak is dié van die sinode van Wes- en Suid-Kaapland."... "Die taakspan is besig met sy werk en totdat dit afgehandel is, is ons nie in die posisie om op enige saak wat moontlik met ons opdrag te doen het, te reageer nie".

K27 928: Gewone sterflikes praat namens kerk oor gays;
Rapport, 12.02.2006, p17, Rheta Swanepoel (Afgetrede opvoedkundige)

Wat sou die bevoegdheid wees van kerklidmate, gewone sterflike mense, om 'n openbare oordeel uit te spreek oor ander sterflike mense, gegrond op geskrifte van oor die tweeduisend jaar gelede, uitgesoek en saamgestel en herhaaldelik oorvertaal deur gewone sterflikes?... Ek kan dus nie anders nie as om te beweer dat hierdie kwessie spesifiek gaan berus op gewone sterflike mense se subjektiewe oordeel, en dat 'n versie of twee in die Bybel eintlik net 'n verskoning en 'n rookskerm verskaf om die lidmate se besluit te bekragtig.

K27 923: Kerklui verskil steeds oor gay-huwelike;
Die Burger, 13.02.2006, p5 Neels Jackson

PRETORIA - Diep verdeeldheid heers in die geledere van Suid-Afrikaanse kerke oor die kwessie van gay-huwelikke. Dít het duidelik geblyk op 'n onlangse konferensie wat die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) gereël het as die begin van sy proses om 'n voorlegging oor gay-huwelike aan die parlement op te stel. Die parlement moet vanjaar wetgewing deurvoer om gay-huwelike te wettig nadat die konstitusionele hof einde verlede jaar beslis het dat die huidige gemenereg en 'n bepaling van die huwelikswet ongrondwetlik is... Na afloop van die konferensie het die kerkleiers gesê hulle beskou dit as belangrik dat 'n dialoog oor die saak in die kerke begin is. Dit sal nou voortgesit word.
Vader Douglas Torr, gay Anglikaanse priester van Johannesburg, het gesê dit is ironies dat die Grondwet sy menswaardigheid beskerm, terwyl die kerk wat sê dat hy na die beeld van God gemaak is, sukkel om sy seksualiteit te aanvaar. Torr het gesê daar was mense wat aanvanklik eenvoudig die Grondwet wou verander om die moontlikheid van gay-huwelike te voorkom. Van hulle het besef dat 'n mens nie sommer aan die Grondwet moet torring nie.

K27 936: Boesak lei VGK se gesprek oor homoseksualiteit;
Die Burger, 11.02.2006, p4, Johannes de Villiers

KAAPSTAD - Dr Allan Boesak, assessor van die VGK, gaan dié kerk se gesprek oor homoseksualiteit amptelik lei. Boesak het gister bevestig dat hy aangestel is om saam met die teoloog prof Nico Koopman 'n taakspan saam te stel wat oor die volgende twee jaar dié kwessie "as 'n prioriteitsaak" sal bespreek. Boesak word beskou as tegemoetkomend teenoor gays en het hom al ind ie verlede ten gunste van die wettiging an gay-huwelike uitgespreek... "Dit is vir ons belangrik om nie óór gay mense te praat nie. Hulle moet saampraat...

K28 266: Dis inkonsekwentheid;
Die Burger, 17.02.2006, p 16, Derek van Rensburg, Somerset-Wes
K27 954: Kern waarop kerk bou;
Die Burger, 15.02.2006, p18, BF Smit, Pearly Beach
K27 947: Kerk kan dít nie toelaat;
Die Burger, 14.02.2006, p16, Hennie Botha, Onrusrivier
K27 948: Ware liefde lei tot heling;
Die Burger, 14.02.2006, p16, Francois van der Bank, Tygervallei
K27 949: Pasop vir wettiese uitleg;
Die Burger, 14.02.2006, p16 Henning Snyman, Kaapstad
Weens die oorvloed berigte kon ons nie alles in detail plaas nie. Volledige artikels ten opsigte van bogenoemde op aanvraag beskikbaar by ABID.

K27 912: Skuiling vir 'seksuele minderhede' sien die lig: Nuwe trust deur verskeie groot name ondersteun
Die Burger, 10.02.2006, p12, Eduan Maggo

KAAPSTAD - Afrika se eerste "formele skuiling vir seksuele minderheidsgroepe" word eersdaags hier geopen. Dit het aan die lig gekom nadat die Pride Shelter-trust vandeesweek hier van stapel gestuur is. Die skuiling sal in "noodsituasies" tydelik blyplek gee aan lede van die gay, lesbiese, biseksuele en transgendergemeenskap... De Swardt het gesê die Pride Shelter sal probeer om 'n veilige hawe te wees vir mense met verskillende probleme... Verskeie hoëprofiel-mense dien as direkteurs in die trust...

K28 264: Dana-promotor reël gay-kompetisie;
Die Burger, 17.02.2006, p8, Eagan Williamson

JOHANNESBURG - Die konsertpromotor wat na bewering daarvoor verantwoordelik is dat drie konserte van die Belgiese sangeres Dana Winner afgestel is, beplan 'n groot internasionale skoonheidskompetisie vir gay mans in September in Suid-Afrika.... Luidens die verklaring verwag die organiseerder dat meer as 100 000 mans van oral in die wêreld aan die kompetisie sal deelneem...

K28 284: Houding van naasteliefde;
Die Burger, 18.02.2006, p16, Dennis Siebrits, Bellville

Johannes Scotus, oftewel Jan die Skot, word gereken as die persoon wat die Christelike geloof na Ierland gebring het... Jan die Skot het gesê dat goddelike openbaring én suiwer rede bronne van waarheid is, en daarom kan

daar nie 'n botsing tussen hulle wees nie. Waar daar egter 'n verskil skyn te wees tussen goddelike openbaring en rede, dan moet die rede seëvier, want dan moes daar 'n vertolkingsfout ingesluip het by die goddelike openbaring... Moontlik is dit ook so oor homoseksualisme. Dis moontlik dat wat in die Bybel uitgespreek word, slegs die private opnie van 'n profeet was wat niks met sy God te doen gehad het nie. Hoe sal ons nou weet?... Ongeveer 16 uit elke 100 mense het homoseksuele neigings, 8 mans en 8 vroue. Watter voordeel is daar óf vir die kerk óf vir hulle om vervreem te word? Wie wen daarby?

K28 269: Gay-verhoudings lê hom na aan die hart, sê Gyllenhaal;
Die Burger, 21.02.2006, p3, Mandy Rossouw

LONDEN - Jake Gyllenhaal, die akteur in die opspraakwekkende fliek Brokeback Mountain, het Sondag gesê hy is grootgemaak in 'n omgewing waarin baie "gay getroudes" beweeg het... Gyllenhaal het ook gesê die fliek was vir hom en sy medespeler, Heath Ledger, in intense ervaring. "Ons is nou baie nader aan mekaar as voorheen," het hy gesê.
MIV/VIGS

K27 909: Salf gesmeer aan MIV/Vigs;
Selfs al is dit 60% doeltreffend, kan dit miljoene red
Die Burger, 10.02.2006, p2, Charles Smith

WASHINGTON - Alle oë is op Suid-Afrika waar die belangrikste toetse in die wêreld onder meer met geld van die miljardêr Bill Gates se stigting gedoen word vir 'n reeks voorkomende jels om die oordrag van MIV/Vigs na vroue in die toekoms drasties te beperk. Al is hierdie salf of jel net 60% doeltreffend, word daar gehoop dat dit die dood van tussen 2,5 miljoen tot 3 miljoen vroue oor drie jaar kan verhoed het aktiviste vir die vervaardiging hiervan in die Amerikaanse hoofstad gesê... "Dit is 'n voorkomende middel wat direk in die beheer van die vrou is," het dr Helene Gayle van die Bill & Melinda Gates-stigting op 'n nuuskonferensie in die Nasionale Persklub hier gesê... Dit is tans nog heeltemal te vroeg om te sê of die voorlopige toetse suksesvol is of nie... Tot dusver het sowat 30 skenkers hulle tot die projek verbind, Volgens Davis moet dié syfer sowat 100 wees.

K27 917: Nevirapien 'keer ook MIV met 2de swangerskap';
Die Burger, 10.02.2006, p17, Sapa-AP

DENVER - Die teenvigsmiddel nevirapien voorkom keer op keer die oordrag van die vigsvirus van moeder na kind. Die bevindings van 'n nuwe studie dui hierop, wat die uitslae van vroeëre studies oor dié medisyne betwis...
K27 945: Minister steun nou dié doepa;
Die Burger, 14.02.2006, p2, Johannes de Villiers
KAAPSTAD - Die minister van gesondheid, dr Manto Tshabalala-Msiman, het haar steun aan nog 'n ongetoetste vigsdoepa toegesê. Én, het die departement van gesondheid gister gesê, diegene wat die verskaffing van dié doepa - 'n "tradisionele Afrika-medisyne" genaamd Ubhejane - probeer keer, is rassiste wat Afrika-medisyne wil ondermyn... "Die minister van gesondheid is vasbeslote om tradisionele kennisstelsels te verdedig en te bevorder, omdat ons glo tradisionele genesers speel 'n belangrike rol in die gesondheidstelsels van die land."...

SPOTPRENTE - ISLAM / VRYHEID VAN SPRAAK

K28 279: Deense treurspel;
Die Burger, 18.02.2006, p15, Hans Beukes, Die Burger se medewerker in Skandinawië

Die spotprentsage wat in Denemarke ontkiem het, kring onverpoos uit... Meer as tien mense... moes reeds met hul lewe boet... Op nywerheidsgebied moes Deense maatskappy toesien dat hulle binne dae markte verloor het... En dat hulle tuis honderde werkers moet ontslaan... Hulle moet nou toesien hoe ander Europese maatskappye probeer verhoed dat hulle enigsins met die Dene in daardie markte vereenselwig sal word... Ernstige dreigemente teen hul veiligheid het daartoe gelei dat Denemarke sy verteenwoordiging in vier lande... onderbreek en sy personeel onttrek het... Die treurspel eindig egter nie daar nie. Uit New York word berig dat ook die pogings wat aan die gang is om die Verenigde Nasies (VN) te hervorm, met die beoogde stigting van 'n raad vir die bevordering van menseregte, in die gedrang gekom het - met onheilspellende gevolge vir die VN se aansien...

K28 268: Pous maan oor spotprent-geweld;
Die Burger, 21.02.2006, p2, Reuters

VATIKAANSTAD - Pous Benedictus XVI het gister - in 'n duidelike verwysing na die omstredenheid rondom die spotprente van die profeet Mohammed - gesê die wêreld se godsdienste en die simbole daarvan moet gerespekteer word... Hy het bygevoeg onverdraagsaamheid en geweld is onversoenbaar met die heilige beginsels van godsdiens.

K27 956: Bloed vloei by Moslem-optog;
Die Burger, 16.02.2006, p18, Reuters

PESHAWAR - Drie mense is gister dood en takke van 'n Noorweegse selfoonmaatskappy, 'n Amerikaanse kitkosrestaurant en banke in Pakistan is aan die brand gesteek uit protes teen spotprente...Die betogings in Pakistan was die ernstigste voorval van verset sedert Europese koerante spotprente van die profeet Mohammed gepubliseer het...

K28 271: Geweld oor spotprente eis 45 in Nigerië;

ABUJA - Die Nigeriese regering moes gister troepe ind ie noord-ooste van die land ontplooi nadat protesoptogte oor die spotprente van die profeet Mohammed in oproer ontaard het en tot die dood van 45 mense gelei het... "Ek vra om verskoning vir wat gbeur het en veroordeel enige aanval op spesifieke godsdienste, etniese groepe en mense ten sterkste," skryf mnr Carsten Juste, die redakteur van Jyllands-Posten, in die advertensie. "Ek hoop dat ek hiermee die misverstand uit die weg geruim het."

K28 289: Christene bal vuis in Nigerië vir Moslems;

Die Burger, 22.02.2006, p10, Reuters
ABUJA - Nigerië se vernaamste Christen-organisasie het gemaan hy sal jeugdiges wat wraak wil neem nadat Moslem-oproeriges dosyne Christene vermoor en kerke afgebrand het nie langer in bedwang kan hou nie. Die Christelike vereniging van Nigerië (DVN), wat beweer minstens 50 mense is dood in Moslem-oproer oor die naweek in die stad Maidoegoeri, het gesê die geweld is deel van Moslems se plan om Nigerië in 'n Islamitiese staat te omskep...

K27 910: Kapenaars vaar strate in oor spotprente;
Die Burger, 10.02.2006, 01, Johannes de Villiers

Kaapstad - Dis nog nie die einde van hul stryd nie, het Moslemleiers gesê ná gister se betoging teen die Deesne spotprente van die profeet Mohammed. Maar vir eers is hulle tevrede dat die optog 'n dawerende sukses was...

K28 270: Dis erger as haatspraak;
Die Burger, 21.02.2006, p12, JC van der Merwe, Stellenbosch

Ek skryf na aanleiding van die verslag oor Moslems se betoging in Kaapstad (DB, 10/2). Ek is geen Moslem nie, inteendeel, ek is 'n NG Afrikaner. Op die een plakkaat wor die spotprente tenoem: "Dit is haatspraak". Ek verskil... Die spotprente is veel erger as haatspraak, dit is minagting... Volgens die Bybel, en dus ook die Christelike leer van sonde, is selfverheffing en hoogmoed die essensie van sonde...

K28 276: Koos, bly liewer uit die Moslem-kombuis;
Rapport, 19.02.2006, p 19, Imam Gassan Solomon, Lid van die Muslim Judicial Council en ANC LP

As 'n Moslem is dit vir my verblydend om te lees dat Koos Kombuis die Moslems se geloof respekteer. Van my kan wil ek ook net sê ek respekteer die Christelike geloof (ek vermoed dat Koos Kombuis 'n Christen is)... Maak ek ernstig beswaar teen die opskrif: Is Allah bang vir humor?... My advies aan Koos is om nie op die tier se rug te spring nie, want die tier sal hom opvreet. As jy kommentaar lewer oor Islam, doen asseblief deeglike ondersoekwerk, want jy speel met vuur...

K28 274: Koos is reg - die meeste Moslems soek eerder vrede;
Rapport, 19.02.2006, p19, S Ferreira, E-pos

Ek het so pas in die DRK op die internet Koos Kombuis se rubriek gelees... Hy het gesê wat miljoene voel en weet, maar nog altyd te bang is om te erken en te bang is om die ekstremistiese Moslems aan te vat oor hul fanatisme...

K28 277: Is dit weer oukei om nie van Jode te hou nie?;
Die Burger, 18.02.2006, p8, Johannes de Villiers

Dit was lank onaanvaarbaar om in ordentlike kringe lelike veralgemenings oor Jode te maak. Hoekom doen mens dit deesdae skielik weer so baie?...

K28 275: Christene moet hul sê sê oor godslastering;
Rapport, 19.02.2006, p19, MH Vosloo, Pringlebaai

Die reaksie van Moslems wêreldwyd op die skending van hul profeet Mohammed se naam is prysenswaardig... Daarteenoor is Christene wêreldwyd ongeërg oor hoe Jesus, die God van die heelal, se naam geswadder word...

K27 939: Arabiese pers vra gematigde reaksie;
Die Burger, 11.02.2006, p15, Sapa-AFP

LONDEN - Arabiese koerante wat hier uitgegee, maar wêreldwys versprei word, was geskok oor Deense spotprente van die profeet Mohammed, maar ook verras en ontsteld oor die gewelddadige protes in die Islam-wêreld. "Geweld is nie die beste manier om die spotprente te hanteer nie," het mnr Hassan Satti, wat verantwoordelik is vir die kommentaarblaaie van Asharq al-Awsat, een van die drie groot Arabiese koerante in Londen, gesê...

K27 919: Spotprente wys Islam en Weste dryf uiteen;
Die Burger, 10.02.2006, p20, Leopold Scholtz

Wanneer historici die wêreldwye herrie oor die publikasie van 12 Deense spotprente waarin die profeet Mohammed belaglik voorgestel word oor - sê maar - 'n eeu bekyk, kan hulle dit heel moontlik beskryf as 'n belangrike mylpaal onderweg na die Derde Wêreldoorlog... As dié saak nie behoorlik bestuur word nie, kan Iran se kernbomme uiteindelik dalk harder praat as die huidige wedersydse geskel.

K27 934: Is Allah dan bang vir humor;
Rapport, 12.02.2006, p5, Koos Kombuis

... Van al die gekke oorreaksie uit die Moslem-gemeenskap op hieie enkele reeks spotprente, is daar net een wat vir my sin maak: die besluit, deur 'n Iranese koerantredakteur, om spotprente te plaas oor die Holocaust...

K27 931: Neerhalende Jesus-sketse geweier;
Rapport, 12.02.2006, p20, ZB du Toit

Die Deense koerant wat Moslems wêreldwyd die harnas ingejaag het met sy spotprente wat die Islam-profeet Mohammed neerhalend uitgebeeld het, het vroeër geweier om soortgelyke spotprente van Christus te publiseer... Hoewel Westerse regerings aanvanklik heeltemal onkant betrap is deur die heftigheid van die protes oor feitlik die hele Moslem-wêreld heen, is agterdog aan die toeneem dat ten minste sommige daarvan nie spontaan is nie... Die Iranese geestelike leier ajatolla Ali Chamenei het Israel intussen daarvan beksuldig dat hy agter die spotprente sit. Iran se grootste dagblad het kort daarna aangekondig dat hy met 'n spotprent-kompetisie oor die Joodse slagting gaan begin.

K27 915: Tutu pleit by Moslems om vrede;
Die Burger, 10.02.2006, p16 Desmond Thompson

NAIROBI - Die oudaartsbiskop dr Desmond Tutu het 'n boodskap van steun oorgedra aan Moslems wat gegrief voel deur hoe die profeet Mohammed in Deense spotprente uitgebeeld is, maar hulle ook versoek om vreedsaam te protesteer... Hy het kapsie gemaak teen ongegronde veralgemenings oor die Islam... Tutu het hom sterk teen menseregteskendings in Zimbabwe en magsvergryp deur pres Robert Mugabe uitgespreek...

K27 935: VGK 'deel Moslem-griewe';
Die Burger, 11.02.2006, p2, Johannes de Villiers

KAAPSTAD - Die VGK het hom gister geskaar by Moslems wat "uityerste verontwaardiging" beleef oor die spotprente van die profeet Mohammed... Die moderamen vra VGK-lidmate om te bid vir meer respek vir alle mense.

K27 957: Raad van Kerke maan oor prente;
Die Burger, 16.02.2006, p18 Reuters

RIO DE JANEIRO - Die hoof van die Wêreldraad van Kerke het Christene en Moslems Dinsdag versoek om saam te werk om die "vure dood te slaan" ná die wêreldwye woede oor die publikasie van spotprente van die profeet Mohammed... "Wanneer vryheid van spraak gebruik word om mense se waardes en waardigheid af te breek, vernietig dit die fondamente waarop dit gebou is,"... Die vergadering word bygewoon deur afgevaardigdes van 348 lidkerke...

K27 946: Christene moet saamstaan;
Die Burger, 14.02.2006, p 16, MH Vosloo, Pringlebaai'

Die reaksie van Moslems wêreldwyd op die aantasting van hul profeet Mohammed se naam is aanbevelenswaardig as dit nie vir die geweld, doodsdreigemente en die vernietiging van eiendom was wat daarmee gepaard gegaan het nie... Pas weer(en dit kom daagliks voor in rolprente wat oor televisie vertoon word) het ons eie befaamde Charlize Theron Jesus se naam Godslasterlik gebruik, maar geen haan kraai daaroor nie...

K28 262: Filippyne vra fatwa teen 2 oor spotprente;
Die Burger, 17.02.2006, p21, Sapa-DPA

MANILA - Betogings in die Filippyne oor die omstrede spotprente van die profeet Mohammed het gister uitgebrei... Betogers het gister polistireen-afbeeldings van Flemming Rose... en Carsten Juste... onthoof nadat 'n plaaslike Moslemgeestelike 'n fatwa, of heilige dekreet teen hulle uitgevaardig het... Die enigste oplossing is hul dood... het hy geskree...

K28 261: Karatsji vaar ook strate in;
Die Burger, 17.02.2006, p21, Reuters

KARATSJI - Tienduisende Pakistanse Islamiste het gister stokke gedra en vlae vertoon by die jongste betoging in dié land teen die omstrede Europese spotprente wat die profeet Mohammed uitbeeld... Islamitiese partye het ook 'n pleidooi gelewer vir 'n landwye staking op 3 Maar, die datum waarop Bush na verwagting Pakistan sal besoek...

K27 916: 'Hofbevel is nie laaste sê in debat oor spraakvryheid';
Die Burger, 10.02.2006, p16, Willem Jordaan

KAAPSTAD - Die hofbevel teen die publikasie van die omstrede spotprente oor die profeet Mohammed, beëindig nie die debat oor die balans tussen vryheid van spraak en geloofsvryheid in Suid-Afrika nie, het pres Thabo Mbeki gister gesê. "Uiteraard sal ons almal se reg om op vreedsame wyse aan hierdie debat deel te neem, verdedig," het Mbeki gesê... Mbeki het benadruk dat die Grondwet eweneens die reg op geloofsvryheid verskans en dat vryheid van spraak nie ingespan mag word om haatspraak te versprei nie...

K27 914: Persgroep 'geskok' deur interdik;
Die Burger, 109.02.2006, p16 Johannes de Villiers

KAAPSTAD - Die Suid-Afrikaanse Redakterusforum (Sanef) meen regter Mohamed Jajbhay se beslissing dat Suid-Afrikaanse koerante nie die omstrede spotprente van die profeet Mohammed mag publiseer nie, is 'n aanval op spraakvryheid... Regstappe is geneem om te keer dat dié spotprente

gepublisseer word - nog voordag daar enige aanduiding was dat iemand beplan het om dit te publiseer.. Koerantverkopers is met die dood gedreig, en so ook hul redakteurs en personeel... "Ons beskou dié voorkomende interdik teen die publikasie van die spotprente as 'n bedreiging vir ons spraakvryheid en 'n breuk in die vertroue wat ons lank gedink het tussen ons bedryf en die Moslem-gemeenskap bestaan".

K27 913: Media 'kort kode oor godsdiens'; Studentekoerant gestop oor sketse
Die Burger, 10.02.2006, p16, Mandy Rossouw

LONDEN - Die Europese Unie (EU) het gister gesê Europese media-organisasies moet 'n vrywillige gedragskode opstel wat sal verseker dat geloofskwessies met die nodige sensitiwiteit in die media hanteer sal word... EU se kommissaris oor geregtigheid, vryheid en sekuriteit, mnr Franco Frattini... Het gister luidens 'n verklaring gesê hoewel die EU nooit 'n gedragskode op media-organisasies sal afdwing nie, moedig hy die media aan om self gedragskodes saam te stel. Frattini het dit duidelik gemaak dat die EU nie die reg op vryheid van spraak sal inkort nie, hoewel die spotprente "miljoene Europese Moslems beledig het"...

K28 280: Komplotkommer;
Die Burger, 18.02.2006, p15, Kamila Shamsie - skrywer van die roman Broken Verses

"Natuurlik is spraakvryheid nie hier die onderliggende kwessie nie"... Leiers onderskryf al hoe meer die teorie dat die spotprente opsetlik daarop gerig was om ons tot bedenklike optrede uit te lok... Maar totdat iemand 'n manier vind om "Moslems maak nie amok nie" en "Europeërs smee nie komplotte nie" in nuusstories om te tower, lyk dit my is ons aan presies sulke verwarrings uitgelewer.

K27 927: Vrye spraak onbeperk;
Rapport, 12.92.2006, po17, ZB du Toit
Die Duitse blad Die Welt het onlangs - naas 'n afbeelding van een van die gewraakte spotprente - geskryf dat die reg op godslastering veranker is in demokratiese vryhede. Hiervan is vryheid van spraak natuurlik een van die heel belangrikstes... Die koerant se kulturele redakteur, mnr Flemming Rose, het bygevoeg: "Godsdienstige opvattings kan nie op spesiale behandeling aanspraak maak in 'n sekulêre samelewing nie."... Koerante behoort die reg te hê om die betrokke spotprente te publiseer, sê Van Niekerk, maar waarsku terselfdertyd: "Die besit van 'n reg beteken nie noodwendig dat die uitoefening van daardie reg altyd moreel in orde is nie. Moreel gesproke behoort die sensitiwiteite van bepaalde groepe altyd in ag geneem te word...

K27 926: Sê nou die prente was van Jesus?;
Rapport, 12.02.2006, p16, Tim du Plessis

... Die vure oor die profeet Mohammed-spotprente brand nie op Rapport se werf nie. Maar ons kyk met kommer na wat aangaan in ons buurt... Dis gewoon mislik om by 'n koerant te wees as mense so op loop gaan met godsdiens. Jy kan nie wen nie. Die gewraakte spotprente van die profeet Mohammed is ook nie die ondergang van die Islam-geloof nie. Oor 'n jaar van nou af sal die afgelpe twee weke se proteste en geweld vergete wees... Naasteliefde is sentraal in al die wêreld se grootse godsdienste. Tog is mense bereid om te moor, te verwoes en te dreig in en naam van hul geloof. Dit bly een van die groot misteries van religie.

K27 922: Verbod op spotprente 'presedent vir later';
Die Burger, 13.02.2006, p4, Neels Jackson

PRETORIA - Die verbod deur die hooggeregshof op die publikasie van spotprente van die Islam se profeet Mohammed kan voortaan deur Christene as presedent gebruik word om materiaal te bestry wat hulle aanstoot gee...

K27 921: SA Mediaforum veroordeel aanvalle;
Die Burger, 13.02.2006, p4, Michelé O'Connor

KAAPSTAD - Die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum (Sanef) het sy skok uitgespreek oor onlangse aanvalle van die Moslem-gemeenskap op die land se media... Die Suid-Afrikaanse Moslem-gemeenskap het 'n hofinterdik teen Suid-Afrikaanse koerante gekry voordat daar enige bewyse was dat dié spotprente in enige koerante gepubliseer sou word... Sanef beskou die interdik as 'n bedreiging van die reg op die vryheid van spraak en 'n breuk in die vertrouensverhouding wat tussen die Moslem-gemeenskap en die Suid-Afrikaanse media bestaan."...

K28 263: Skrywer vies oor LitNet se 'dubbele standaarde';
Die Burger, 17.02.2006, p1, Johannes de villiers

KAAPSTAD - Hy word toegelaat om die Christendom in die openbaar te beledig, maar hy word gesensureer as hy iets teen Islam wil skryf, kla 'n kampvegter teen godsdiens. Mnr Nathan Bond, 'n rubriekskrywer, is erg ontstoke omdat die webwerf LitNet nie 'n brief wou publiseer wat hy vir hulle gestuur het en waarin hy Islam erg kritiseer nie. Hy het terselfdertyd 'n brief aan LitNet gestuur waarin hy teen die Christendom uitvaar... Ettienne van Heerden Redakteur van LitNet, het gister in reaksie geskryf die redaksie het geoordeel die brief oor die Christelike God is 'n "filosofiese besinning oor die begrippe 'God', 'heiligheid', 'metafisika', ensomeer... Die brief oor Islam was gewoon onplaasbaar". Bond het ook albei breiwe geplaas op 'n kletskamer op Kerkbode se webwerf, waar albei toegelaat is. Bond het gesê hy is bly die Christendom kan 'n mate van kritiek hanteer.

K28 286: Bond se aanval onaanvaarbaar;
Die Burger, 18.02.2006, p16, Jaco Thom, Paarl

Die berigte "skrywer vies oor LitNet se 'dubbele standaarde'" en "Polisiekarre smeek om vergifnis" (DB, 17/2) het betrekking. Ek verbaas my oor die venyn waarmee Nathan Bond geloof - en klaarblyklik enige geloof - aanval en desperaat probeer diskrediteer... Maar ek wonder of dit ook sy goeie reg is om in openbare debatte gal oor God te braak en Hom as 'n belaglike versinsel ("vuilgoedhoop van die verstand") voor te stel... Ongeloof is een ding. Heiligskennis is iets totaal anders en onaanvaarbaar.
Die Polisiekarre verstaan dié onderskeid klaarblyklik ook nie... Wees dan ongelowiges as julle wil en kritiseer ons wat wel glo waar ons foute maak, maar los ons God uit! Hy het julle niks gemaak nie, behalwe om julle lief te hê.

K28 285: Moenie te haastig oordeel;
Die Burger, 18.02.2006, p16, Ian Nell, Sonstraal

'n Mens het begrip vir die sterk reaksie, ketting e-posse en ouers wat hul kinders waarsku teen die groep FPK... Blaai jy deur die Bybel kom jy agter dat "om God te vloek" as 'n ernstige oortreding beskou word... Wanneer God gevloek word, dui dit dikwels op 'n vreemde en paradoksale manier dat God dalk 'n groter rol in hul lewe speel as wat ons dink... Eerder as om ons kinders teen hulle te waarsku, is dit myns insiens ons verantwoordelikheid om met hulle in gesprek te tree... Jesus leer ons om nie te oordeel nie. Om ons kinders te verbied om dié groep se optredes by te woon, kan dalk net die teenoorgestelde reaksie tot gevolg hê van wat ons wil bereik.

K28 282: Christene betoog vandag teen Polisiekarre;
Die Burger, 18.02.2006, p1, Jaco Nel

JOHANNESBURG - 'n Protesoptog gaan vanoggend in Krugersdorp gehou word tene die groep F-karre nadat een van die groep se lede 'n godslasterlike slagspreuk op 'n bewonderaar se beursie geskryf het... Geen van die groeplede kon gister bereik word nie omdat hulle die heeldag geoefen het...